

30 Junie

**Skrifgedeelte: Kolossense 1:24-29
Fokusgedeelte: Kolossense 1:27, 28**

Christus is in julle!

Hierdie deel van Kolossense 1 begin in vers 24 met Paulus se bereidheid om te ly en vervolging te verduur, en sluit in vers 29 af deur daarna te verwys dat hy hom inspan en hom daarvoor beywer om Christus te verkondig.

Waarom doen hy dit, al hou dit soveel gevaar in? Waarom sal ons ons dan ook aan sulke teenkanting en soms minagtig blootstel? Die rede is nie omdat óns besluit het om dit te doen nie, maar omdat Gód besluit het om die geheimenis bekend te maak dat daar vir alle mense seën en heerlikheid in Christus is. Selfs vir mense wat voorheen “ver van God af en vyandigesind teenoor God was” (vs 21)! God het besluit dat hulle selfs nog meer sal weet as dat hulle deur Christus met God versoen is. Hy wil dat hulle ook die geheimenis moet ken dat Christus in hulle is en dat hulle, al is hulle nie Jode nie, ook deel het aan sy heerlikheid.

Dit is die geheimenis waarin die kerk alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer sodat ons die volle heerlikheid van ons band met Christus sal ken en ons tot volle geestelike volwassenheid in Christus sal kom. Ons voorreg om deur die werk van die Heilige Gees getuies te wees mag daarom nooit halwe werk wees om net gou klaar te kry nie. Dit vra inspanning en toewyding en mag selfs vyandskap en lyding tot gevolg hê .Die Gees het ons geleid tot die belewing dat die werk van Jesus Christus 'n mens se hele lewe verander. So wil Hy ons ook in die lewe van ander gebruik.

Dank Hom vir jou band met die lewende Here!

Sing: Psalm 32:4 (1936) Ds. GNV Botha (Emeritus, Randburg)